This article explores some of the ideological assumptions at work behind African-Americans' imaged and imagined presence in postapartheid South Africa. The enduring ideological and material connections between black South Africans and African-Americans are part of a long history of interaction. That history is clearly represented in ongoing African-American reclamations of cultural connectedness with Africa, in which various sites on the continent act as a potential source for African-American cultural salvation. In the wake of South Africa's nominal triumph over apartheid, African-American involvement has shifted away from activist political involvement toward corporate presence, and South Africa is viewed as a site for African-American economic salvation through the provision of new markets for the consumption of American goods. This shift suggests an increasing disjuncture between the interests of African-American corporate elites and the ongoing political struggles of the majority of blacks within and beyond South Africa.

### **Opsomming**

In hierdie artikel word sommige van die ideologiese aannames wat agter die Afro-Amerikaners se voorgestelde en gewaande teenwoordigheid in postapartheid Suid-Afrika aan die orde is, verken. Die voortdurende ideologiese en materiële verbintenis tussen swart Suid-Afrikaners en Afro-Amerikaners vorm deel van 'n lang geskiedenis van interaksie. Sodanige geskiedenis word duidelik versinnebeeld in die deurlopende Afro-Amerikaanse opeising van 'n kulturele verbintenis met Afrika, waardeur verskeie terreine op die kontinent as 'n potensiële bron van Afro-Amerikaanse kulturele behoud beskou word. Na Suid-Afrika se nominale

triomf oor apartheid het die Afro-Amerikaanse betrokkenheid verskuif van aktivistiese politieke intervensie tot korporatiewe teenwoordigheid. Suid-Afrika se ligging maak hom hiervolgens by uitstek geskik vir Afro-Amerikaanse ekonomiese redding deurdat nuwe markte beskikbaar gestel moet word vir die verbruik van Amerikaanse goedere. Hierdie klemverskuiwing sinspeel op 'n toenemende ontwrigting tussen die belange van die Afro-Amerikaanse korporatiewe elite en die onafgebroke politieke strugle van die meerderheid swartes binne en buite Suid-Afrika.

***Postapartheid Literature/Postapartheid Society; American Studies***

Ryan, Rory

1996 The Social Life of Literature: Cultural Studies, Cultural Ethnography and the Future of Literary Studies. 12(1/2): 1-39.

**Summary**

This study moves, by way of brief comments on the historical shaping of the discipline of literary studies, to an investigation of the methodological and disciplinary coherence of cultural studies. In turn, this leads to some remarks concerning cultural ethnography and its attendant epistemological constraints. The essay concludes with some thoughts in favour of a repositioning of literary critical activity.

**Opsomming**

Dié studie beweeg, by wyse van kommentaar oor die historiese vorming van die dissipline literêre studies, na 'n ondersoek van die metodologiese en dissiplinêre koherensie van kulturele studies. Dit lei verder tot 'n paar opmerkings oor kulturele etnografie en die epistemologiese beperkings daaraan verbonde. Die artikel sluit af met gedagtes ten gunste van 'n herposisionering van literêre en kritiese aktiwiteite.

***Cultural Studies/Culture Theory; Literary Studies***

Sarinjeive, Devi

1998 Reading Paradigms, Toni Morrison, *Beloved*. 14(3/4): 281-298.

**Summary**

This paper, which focuses on Toni Morrison's novel *Beloved* (1987), begins with commentary on how reading paradigms can lead to mis-readings and distortions, particularly when used to mediate marginal texts. In response to that, in the discussion that follows on *Beloved*, a reading is given to show how, in spite of linguistic and textual givens and conventional literary and critical practice, Morrison creates a text that requires an adjustment of the "Self/Other" reading paradigm if it is to be read satisfactorily. It is also shown how in the process she corrects standard representations of the black self and through that her own writerly identity as a black female presence in conventional literary and critical practice.



## SECTION 1

### Opsomming

Hierdie artikel, wat fokus op Toni Morrison se roman *Beloved* (1987), begin met kommentaar oor hoe leesparadigmas kan lei tot verdraaiing en verkeerd lees veral wanneer hierdie paradigmas gebruik word as bemiddeling in marginale tekste. In reaksie tot bogenoemde word daar in die bespreking van *Beloved* wat volg 'n interpretasie aangebied wat aantoon hoe Morrison, ten spyte van linguistieke en tekstuele gegewe en konvensionele literêre en kritiese praktyke, 'n teks skep wat 'n aanpassing van die "self/ander"-leesparadigma vereis indien dit na behore gelees moet word. Daar word ook gewys hoe sy terselfdertyd die standaardvoorstelling van die swart self korrigeer en hierdeur ook haar eie skrywersidentiteit as swart vroulike teenwoordigheid in die konvensionele literêre en kritiese praktyk.

### *Morrison; Interpretation Theory*

Schalkwyk, David

1996 Knowledge, Ethics and the Limits of Language: Wittgenstein and Lyotard. 12(1/2): 86-111.

### Summary

This article investigates the concepts of the unsayable, the unrepresentable, and the unrepresentable in the early and the later Wittgenstein and in the work of Lyotard. It compares the ethics of Wittgenstein's injunction in the *Tractatus*, that we must keep silent about that whereof we cannot speak, with Lyotard's attempt to form an ethics around the unrepresentable through the "differend". Taking Lyotard's acknowledgement of his debt to the later Wittgenstein's conception of the incommensurability of language games and his anti-humanist critique of Wittgenstein's "anthropomorphism" as its point of analysis, it argues that Lyotard fails to account for what Wittgenstein would call the "grammar" of the ethical by excluding the agency of the human subject through a dogmatic anti-humanist theory. Lyotard's reduction of the grammatical to the theoretical thus produces a differend at the heart of his own ethical project.

### Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die konsepte van die nie-sêbare, die ontoonbare, en die onrepresenteerbare in die vroeë en later werke van Wittgenstein en Lyotard. Dit vergelyk die etiese dimensie van Wittgenstein se opdrag in die *Tractatus*, dat ons moet swyg oor dit waaroor ons nie kan praat nie, met Lyotard se pogings om, d.m.v. die "differend", 'n etiek rondom die ontoonbare te skep. Dit neem as uitgangspunt beide Lyotard se erkenning van die invloed van Wittgenstein se standpunt oor die onmeetbaarheid van verskillende taalspele, sowel as Lyotard se teenhumanistiese kritiek op Wittgenstein se sogenaamde "antropomorfisme". Lyotard se dogmatiese teenhumanistiese teorie, waardeur die menslike subjek gereduseer word tot die middel van taalspele, kan nie rekening hou met Wittgenstein se konsepsie van die "grammatika" van die etiek nie. Lyotard se reduksie van die grammatiese tot die teoretiese skep dus 'n differend in die hart van sy eie etiese projek.

**Wittgenstein; Interpretation Theory**

- 1999 From the Globe to Globalization: Shakespeare and Disney in the Postmodern World. 15(1/2): 33-65.

**Summary**

Both Disneyland and the New Globe Theatre in London, which purports to be a faithful copy of Shakespeare's Globe, are informed by specific concepts of historical authenticity, reconstruction and entertainment. Using the chance conjunction of the Globe Theatre and Disneyland Paris during the author's holiday in Europe, this article offers a comparative study, in terms of both theory and personal experience, of the nature of these two cultural institutions in a postmodern world.

**Opsomming**

Beide Disneyland en die "New Globe Theatre" in Londen (wat voorgee om 'n presiese kopie van Shakespeare se Globe Theatre te wees), is gebaseer op spesifieke konsepte van historiese egtheid, rekonstruksie en vermaak. Hierdie artikel gebruik die geleentheid van 'n toevalige sameloop van die Globe Theatre en Disneyland Paris, gedurende die skrywer se vakansie in Europa, om, in terme van persoonlike ervaring sowel as teorie, 'n vergelykende ontleding van die twee kulturele instellings in 'n postmoderne wêreld te gee.

**Shakespeare; Postmodernism/Postmodern Literature; Cultural Studies/Culture Theory**

Schmeling, Manfred

- 1995 Narrative, Perspective and Cultural Otherness. 11(3/4): 85-96.

**Summary**

The article endeavours to link two existing fields of research, namely that of narratology and that of comparative "imagogy" which is primarily concerned with experiencing the foreign. It deliberates on how the narrative perspective as a characteristic element of the text is interrelated with and interdependent on the projection of the foreign which may be ambivalently interpreted as being either hostile or congenial. Special attention is devoted to the particular function of the letter as a narratological technique for conveying that which is alien. In conclusion, the article touches on the narrator's point of view stemming from social, cultural or historical strangeness.

**Opsomming**

Die artikel trag om twee bestaande navorsingsterreine, naamlik dié van die narratologie en dié van die vergelykende imagogie wat gemoeid is met die ervaring van die uitheemse, met mekaar te versoen. Dit bepeins hoe die narratiewe perspektief as 'n onderskeidende eienskap van die teks inter-verhoudelik tot en interafhanklik van die ambivalente vertolking van die vreemde is, wat òf as vyandig òf as welwillend ervaar kan word. Die rol wat briewe, as 'n besondere narratiewe tegniek om die vreemde tuis te

SECTION 1

bring, speel, kry ook aandag. Ten slotte, verwys die artikel na die verteller se gesigshoek wat gekleur word deur die sosiale, kulturele of historiese ongewone.

***Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel; Cultural Studies/Culture Theory***

Scholtz, Marius

1995 A Story of a Story of *Story of O*. 11(2): 49-65.

**Summary**

The article reviews and interprets the *Story of O* in an effort to clarify what constitutes the O or Zero of the identity and nature of man and life/reality. It soon becomes evident that defining the authentic O is well-nigh impossible as all sign systems, or texts, are, in the final analysis inadequate, as the origin and essence of identity and life remain elusive and inscrutable. The symbols employed, relevant either to conscious life or to unconscious existence, attempts to reveal O, but cannot succeed unequivocally. Despite the imposing influence wielded by knowledge and reason, man remains insecure and uncertain.

**Opsomming**

Die artikel bespreek en interpreteer die *Story of O* in 'n poging om te verduidelik presies wat die O of Zero van die mens se identiteit en aard, asook lewe/werklikheid, konstitueer. Dit blyk spoedig dat die outentieke O nie sondermeer gedefinieer kan word nie, aangesien alle simboolsisteme of tekste, op stuk van sake ontoereikend is omdat die oorsprong en essensie van identiteit en lewe ontwykend en onpeilbaar bly. Die simbole wat ingespan word, hetsy relevant tot die bewustelike lewe of die ontbewustelike bestaan, poog om O te onthul, maar slaag nie onomwonde daarin nie. Ten spyte van die effektiewe bydrae wat kennis en rede maak, bly die mens wankelend en onseker.

***Interpretation Theory; Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel***

Segers, Rien

1997 Inventing a Future for Literary Studies: Research and Teaching on Cultural Identity. 13(3/4): 263-283.

**Summary**

This paper examines two questions namely, how to describe cultural identity and how to relate cultural identity to literary studies. By way of introduction, a distinction is drawn between globalization and nationalization. Special mention is made of Appadurai's suggestion that globalization consists of five cultural flows. The question arises as to which will be the stronger force in the near future: nationalization or globalization.

The author defines cultural identity by citing many examples to prove his point. He ponders the question of the relationship between literary studies and the study of literal and cultural identity. New perspectives are offered in conclusion.

**Opsomming**

Die artikel fokus op twee aspekte naamlik, hoe om 'n kulturele identiteit te omskryf, en hoe om kulturele identiteit met literêre studies in verband te bring. Daar word, ter inleiding, onderskeid getref tussen globalisasie en nasionalisasie, met spesiale verwysing na Appadurai se siening dat globalisasie deur vyf kulturele strominge gekenmerk word. Die vraag ontstaan watter die grootste impak in die toekoms gaan hê: nasionalisasie of globalisasie.

Die skrywer definieer kulturele identiteit aan die hand van verskeie tersaaklike voorbeelde. Hy bespiegel oor die verband tussen literêre studies en die studie van literêre en kulturele identiteit. Nuwe perspektiewe word ten slotte voorgestel.

***Cultural Studies/Culture Theory; Literary Studies***

Serudu, Maje S.

1997 South African Vernacular Literatures and Chapman's *Southern African Literatures*. Panel Discussion: Literary Historiography. 13(1/2): 235-246.

**Panel Discussion**

***South African Literature***

Sey, James

1996 Technology, Science Fiction and Psychopathology in the New Millennium. 12(1/2): 112-123.

**Summary**

This paper argues two imbricated points. Firstly, it is concerned to take issue with overly enthusiastic predictions many commentators are making that we are entering a "posthuman" era in history, brought about by the relationship we have to contemporary information technologies which threaten to make human intersubjective exchange at the physical level obsolete. Theorizing about the superseding of the human, I will argue, has both a science-fictional and a millennial character, a problematic status for any epistemological claims such thinking would wish to make. The second and related point of the argument is to suggest an alternative reading of the cultural consequences of information technology. Such a reading focuses on the renegotiation of natural versus cultural forces in the human psyche due to the imbrication of the human with its technology, and suggests that what is most human about us, is what is perhaps most "pathological" about our psyches - that is, what exceeds or escapes assimilation both to consciousness and to technological elements in our culture.

**Opsomming**

Die argument in hierdie referaat behels twee verwante sake. In die eerste plek sê dit die oorentoesiastiese voorspellings van verskeie kommentators dat ons 'n postmenslike era in die geskiedenis binnegaan, die stryd aan.

## SECTION 1

Dié era sou die gevolg wees van die verhouding waarin ons staan tot kontemporêre informasietegnologieë wat dreig om menslike, inter-subjektiewe interaksie op 'n fisiese vlak onmoontlik te maak. Ek sal argumenteer dat die teoretisering van die oorskryding van die menslike beide 'n wetenskapfiksionele en 'n millenniale karakter het, wat 'n problematiese status veroorsaak vir enige epistemologiese beweringe wat sodanige denke sou wou maak. Die tweede en verwante deel van die argument behels 'n alternatiewe lesing van die kulturele gevolge van informasietegnologie. Dié lesing fokus op die herverstaan van die verhouding tussen natuurlike en kulturele kragte in die menslike psige as gevolg van die ineenvlegting van die menslike met sy tegnologie, en stel voor dat dit wat die mees menslike omtrent ons is moontlik ook die mees "patologiese" omtrent ons psiges is - naamlik dit wat die assimilering van beide die bewuste en van tegnologiese elemente in ons kultuur oorskry, of daarvan ontsnap.

### **Cultural Studies/Culture Theory; Science Fiction**

Short, Mick

1999 Graphological Deviation, Style Variation and Point of View in *Marabou Stork Nightmares* by Irvine Welsh. 15(3/4): 305-323.

#### **Summary**

This article examines the use of graphological deviation as an indicator of viewpoint in the opening of *Marabou Stork Nightmares* (1995) by Irvine Welsh. A detailed interpretative summary of the novel is provided to help "place" the passage analysed and make clear the unusual narrative structure (three interweaved "levels" of narration, all produced by the same narrator). In this context, graphological deviation in the novel's opening is seen to be (i) a marker of style shifts which helps the reader "navigate" from one narrative level to another and, (ii) at the same time, constitutes a symbolic representation on the page of movements up and down from one level of narration to another. The patterns seen in detail in the opening to the novel are reflective of its main body. The paper also includes a brief, more general indicative discussion of the relationship between the stylistic markers of viewpoint and narratological concepts like focaliser and reflector.

#### **Opsomming**

Hierdie artikel ondersoek die gebruik van grafologiese afwykings as 'n aanduiding van perspektief ("viewpoint") in die aanvangsgedeelte van *Marabou Stork Nightmares* (1995) deur Irvine Welsh. 'n Uitgebreide interpretatiewe opsomming van die roman word gegee om die gedeelte wat ontleed word, te help "plaas" en om die ongewone narratiewe struktuur (drie ineengevlegte "vertelvlakke", wat al drie deur dieselfde verteller geproduseer word). In hierdie konteks word grafologiese afwyking in die roman se aanvangsgedeelte beskou as (i) 'n merker van stylverskuiwings wat die leser help om van een narratiewe vlak na 'n ander te "navigeer" en (ii) terselfdertyd stel dit op die bladsy 'n simboliese

representasie daar van bewegings op en af van een vertelvlak na 'n ander. Die patrone wat in detail gesien word in die aanvangsgedeelte van die roman weerspieël dit wat in die res van die roman gebeur. Die artikel sluit ook 'n kort meer algemene bespreking in van die relasie tussen die stilistiese merkers van perspektief ("viewpoint") en narratologiese konsepte soos fokaliseerder en reflekteerder.

***Stylistics/Literary Stylistics; Narrative/Narrative  
Theory/Narratology/ Novel***

Simpson, Paul

1999 Pedagogical Stylistics and Literary Evaluation. 15(3/4): 510-528.

**Summary**

This article is about pedagogical stylistics in general and about the critical evaluation of fictional narrative in particular. It examines levels of narrative organisation in a passage from Ernest Hemingway's novella *The Old Man and the Sea* ([1952]1976) and makes specific reference to patterns of speech and thought presentation in the extract. A basic teaching programme is outlined which is designed to encourage students' awareness of the way modes of speech and thought presentation function in narrative. The programme is also designed to enable students to place their stylistic analyses of the text against literary-critical commentaries on the same text, thereby problematising the connections between stylistic analysis and literary evaluation.

**Opsomming**

Hierdie artikel gaan oor pedagogiese stilistiek in die algemeen en oor die kritiese evaluasie van fiksionele narratiewe tekste in die besonder. Dit ondersoek vlakke van narratiewe organisasie in 'n gedeelte uit Ernest Hemingway se novelle *The Old Man and the Sea* ([1952]1976) en verwys spesifiek na patrone in die aanbieding van spraak en van gedagtegang in die uittreksel. 'n Basiese onderrigprogram word uiteengesit wat ontwerp is om studente aan te moedig om raak te sien hoe maniere van spraak- en gedagteaanbieding in narratiewe tekste funksioneer. Die program is ook ontwerp om studente in staat te stel om hulle stilistiese analises van die teks te vergelyk met literêre-kritiese kommentare van dieselfde teks, waardeur die verbintnisse tussen stilistiese analise en literêre evaluasie geïntegreer word.

***Stylistics/Literary Stylistics; Narrative/Narrative  
Theory/Narratology/ Novel***

Sonderling, Stefan

1998 The Politics of a Cultural Controversy: Langenhoven and Pornography in 1930.14(3/4): 322-347.

**Summary**

The earliest public debate on pornography in South Africa was conducted on the pages of the Cape newspaper, *Die Burger*, at the beginning of

## SECTION 1

1930. This debate between C.J. Langenhoven, well-known author, journalist and politician, and a young literary scholar, is considered by literary scholars to be merely a polemic among men of letters that reflects Langenhoven's conservative morality and his dislike of literary academics. However, cultural polemic involves much more than a controversy about artistic tastes or personal morality. Culture is a battleground on which various political and ideological causes engage one another and important social issues are debated. This article explores the connections between Langenhoven's literary position and his role in Afrikaner nationalist politics and suggests that central to the polemic is a battle over the definition of an identity for a new nation for which linguistic and racial exclusivity have become the primary marks of distinction.

### **Opsomming**

Die eerste openbare debat oor pornografie in Suid-Afrika is gevoer in die Kaapse koerant, *Die Burger*, aan die begin van 1930. Die geskil tussen C.J. Langenhoven, bekende skrywer, joernalis en politikus, en 'n jong letterkundige word beskou as 'n polemieë tussen skrywers wat Langenhoven se konserwatiewe sedes en afkeer in akademiese gewaad weerspieël. Kulturele polemieë is egter veel meer as 'n geskil oor artistieke smaak en persoonlike moraliteit. Kultuur is 'n gevegsterrein waar verskeie politieke en ideologiese kwessies mekaar die stryd aansê en waar belangrike maatskaplike kwessies gedebatteer word. Hierdie artikel ondersoek die verbintenis tussen Langenhoven se letterkundige posisie en sy rol in die Afrikaner nasionalistiese politiek en stel voor dat hierdie polemieë die stryd oor die definisie van 'n identiteit vir 'n nuwe nasie vir wie taalkundige en raseksklusiwiteit die primêre kenmerk geword het, weerspieël.

### ***South African Literature in Afrikaans; Cultural Studies/Culture Theory***

Spurlin, William J.

1999 Queer Identity and Racial Alienation: The Politics of Race and Sexuality in James Baldwin and in the "New" South Africa. 15(1/2): 218-237.

#### **Summary**

This essay (re-)examines the critical reception of African-American writer James Baldwin in the early 1960s, a reception that is itself marked as an interpretive act. The rhetorical and cultural tropes used to read and interpret queer identity and the relation of these tropes to early-1960s cultural conversations and institutional discourses on pre-Stonewall queer culture and pre-*DSM-III* medical and psychoanalytic discourses on homosexuality operative at the time in the United States are analyzed, as are the tropes used to read African-American identity as they informed American civil rights discourses and the concomitant discourses of black struggle and resistance. While references are made to such texts by Baldwin as *Another Country* (1962), *Giovanni's Room* (1956), and *The Fire Next Time* (1963), the primary focus is not on Baldwin's homosexuality per se, or on gay or racial themes in his texts. Rather, the

emphasis is on reading the *cultural lenses* and *rhetorical practices* that informed interpretations of African-American and queer identity in Baldwin and in his work in the early 1960s, and the ways in which a variety of oppressions, while not reducible to one another, may intertwine.

The essay also examines Baldwin's reception among African-American critics and intellectuals in the United States Black Power movement in the 1960s, particularly Eldridge Cleaver, who made rhetorical use of the same cultural tropes of pathology and abject gender in reading homosexuality, arguing that homosexuality alienated Baldwin from his African heritage. Through comparative analysis and through examining race through nationalist constructions of sexuality and gender, the essay analyzes how similar cultural tropes used to read homosexuality operate in homophobic discourses in southern Africa, which are more readily mobilized with reference to emerging lesbian and gay movements among Africans, and ignore the politics of sexuality as a site of decolonization.

### **Opsomming**

Hierdie essay (her)-ondersoek die kritiese ontvangs in die vroeë sestigs, van die Afro-Amerikaanse skrywer, James Baldwin; 'n ontvangs wat op sigself as 'n beduidende vertolkende handeling beskou kan word. Die retoriese en kulturele trope wat ingespan is om die homoseksuele identiteit te lees en te interpreteer, die relasie van hierdie trope tot kulturele gesprekke en institusionele diskoerse in die vroeë sestigs, die pre-Stonewallse homoseksuele kultuur en pre-*DSM-III* mediese en psigo-analitiese diskoerse oor homoseksualiteit op daardie tyd in die VSA, word geanaliseer. Die beeldspraak wat gebruik is om Afro-Amerikaanse identiteit te lees, word ontleed, aangesien dit die Amerikaanse burgerregte diskoerse geïnformeer het, asook soortgelyke diskoerse tydens die swart struggle en die gepaardgaande verset. Alhoewel Baldwin na sodanige tekste verwys soos *Another Country*, *Giovanni's Room* en *The Fire Next Time*, is die primêre fokus nie op Baldwin se homoseksualiteit per se nie, of op die gay of rassistiese temas in sy tekste nie. Wanneer die kulturele lewe en retoriese praktyke egter gelas word, kan dit gebeur dat die geïnformeerde vertolkings van Afro-Amerikaanse en queer identiteit in Baldwin en in sy werk gedurende die vroeë sestigs, asook die verskeie vorme van onderdrukking wat weliswaar nie van die een na die ander herleibaar is nie, tog met mekaar verweef raak. Die essay ondersoek ook Baldwin se ontvangs in die geledere van die Afro-Amerikaanse kritici en die Black Power-beweging in die VSA gedurende die sestigs. Die klem val veral op Eldridge Cleaver, wat retoriese gebruik maak van dieselfde kulturele trope van patologie en verwerpe geslag in die lees van homoseksualiteit en aanvoer dat laasgenoemde Baldwin van sy Afrika-erfenis vervreem het. Met behulp van vergelykende analise en deur ras te beskou vanuit 'n perspektief van rasionalistiese konstruksies van seksualiteit en geslag, ontleed die essay hoe soortgelyke kulturele trope wat aangewend word om homoseksualiteit te lees in homofobiese diskoerse in Suidelike Afrika wat geredeliker gemobiliseer word met verwysing na ontluikende homoseksuele bewegings onder Afrikane, en ignoreer die politiek van seksualiteit as 'n terrein van dekolonisasie.



SECTION 1

**Baldwin; Cultural Studies/Culture Theory**

Strike, Norman

- 1995 Narrative, Perspective and Cultural Otherness. 11(3/4): 97-99.  
**Response**

**Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel; Cultural Studies/Culture Theory**

Strydom, Leon

- 1996 Op soek na 'n toereikende genre-teorie. 12(3): 241-247.  
**Opsomming**

In dié navorsingsplan word die gebrek aan spesialisasie in genologiese ondersoek aan ontoereikende sistematiesing gewyt. Dit is die voorneme om die probleem interdisiplinêr te benader, naamlik, in terme van die strukturalisme, die semiotiek en die kognitiewe teorie. Ten einde 'n model te kan ontwikkel wat die objektiewe identifikasie en verklaring van generiese aanwesigheid in literêre kommunikasie verseker, lyk dit essensieel om eers onderskeid te tref tussen godsdiens, kuns en wetenskap as episteme, en dan die onderskeidende reëls en strategieë van poëtiese, narratiewe en dramatiese kommunikasie eksplisiet te maak.

**Summary**

In this research plan the absence of specialisation in genological investigation is attributed to inadequate systematisation. The problem will be approached interdisciplinary, that is, in terms of structuralism, semiotics and cognitive theory. In order to develop a model which guarantees the objective identification and explanation of generic presence in literary communication, it seems essential to start by distinguishing between religion, art and science as epistemes, and only then to explicate the distinctive rules and strategies of poetic, narrative and dramatic communication.

**Genre/Genre Theory; Interpretation Theory**

Swanepoel, Chris

- 1995 Literary Studies in South Africa: Problematizing an Africanist's Perspective. 11(3/4): 1-13.

**Summary**

This opening address looks at a number of issues complicating the Africanist's understanding and vision, against the background of the country's recent political past and its implications for education in general and the study of African-language literature in particular. These include the comparative "imperative", the oral-written interface and the transitional text, canonicity and possibilities of understanding arising from colonial and postcolonial readings of Southern African literature. However, a century-

old oral genre - the *Difela tsa ditsamayanaha* - cautions against decontextualized, uncritical applications of theory. The challenge probably lies in translating problems into opportunities.

**Opsomming**

Die openingsrede kyk na 'n aantal vraagstukke wat die Afrikanis se begrip en visie kompliseer, teen die agtergrond van die land se onlangse politieke verlede en die implikasies vir onderrig in die algemeen en die studie van die literatuur in Afrikatale in die besonder. Dit sluit in die vergelykende "imperatief", mondeling-geskrewe raakvlakke en die oorgangstekes, kanon-vorming en verklaringsmoontlikhede wat uit 'n koloniale en postkoloniale lesing van die Suider-Afrikaanse literatuur na vore kom. 'n Eeu-oue mondelinge genre - die *Difela tsa ditsamayanaha* - waarsku egter teen gedekontekstualiseerde, onkritiese aanwending van teorie. Die uitdaging is waarskynlik dat probleme in geleentheid omskep behoort te word.

**South African Literature; Oral Literature**

Thosago, Cleopas

1998 A Postcolonial Reading of Colonial Strategies in Shakespeare's Plays. 14(1/2): 194-212.

**Summary**

This paper aims at highlighting the postcolonial features inherent in some of Shakespeare's plays by adopting what Ashcroft, Griffiths and Tiffin call "symptomatic reading" in their seminal work on postcolonial discourse, *The Empire Writes Back* (1989). Instead of concentrating on the metaphoric meaning of the texts, an interpretation of Shakespearean plays will be suggested which reveals not only the colonial ideologies and other discursive formations that the plays contain, but also the postcolonial strategies which, though at times implicit, feature prominently in these texts.

**Opsomming**

Hierdie artikel wil die postkoloniale eienskappe belig wat inherent is aan sommige dramas van Shakespeare. Dit word bewerkstellig deur die toepassing van wat Ashcroft, Griffiths en Tiffin "symptomatic reading" noem in hulle belangwekkende boek oor postkoloniale diskoers, *The Empire Writes Back* (1989). In plaas daarvan om op die metaforiese betekenis van die tekste te konsentreer, sal 'n interpretasie van Shakespeare se dramas voorgestel word wat nie net die koloniale ideologieë en ander diskursiewe strategieë ontbloot nie, maar ook die postkoloniale strategieë wat - alhoewel soms net geïmpliseer - prominent in hierdie tekste voorkom.

**Shakespeare; Postcolonial Literature/Postcoloniality**

## SECTION 1

Townshend, Dale

1997 Transgression, Writing and Violence in Romantic Gothic Fiction, 1794-1820. 13(1/2): 151-189.

### Summary

This article is divided into three sections. Section one, in a self-conscious act of critical aggression, approaches a range of Gothic narratives, including Ann Radcliffe's *The Mysteries of Udolpho* ([1794]1980), Matthew Gregory Lewis's *The Monk* ([1796]1980), Mary Shelley's *Frankenstein: Or, The Modern Prometheus* ([1818]1980) and Charles Robert Maturin's *Melmoth the Wanderer* ([1820]1989) with the metaphysical distinction between "Nature" and "Culture" at hand. Such an endeavour reveals the extent to which Romantic Gothic fiction characteristically involves the central narrative dynamic of an Edenic transgression and subsequent fall from the hallowed bounds of nature into the depraved realms of cultural engagement. Section two, however, in seeking to deconstruct this Edenic metaphor at work in the texts, proceeds to demonstrate the play of textuality operative in Gothic invocations of the Nature:Culture binary opposition. The absolute conceptual differences between the two states upon which the texts' central narrative dynamic rests is underwritten by the deconstructive play of *écriture*. Through an application of the metaphors of violence and aggression employed by Derrida across his *oeuvre*, section three of this paper seeks to provide a rereading of Gothic violence as any narrative attempt to suppress the text of *différance* at work - or play - in the texts at hand.

### Opsomming

Die onderhawige artikel bestaan uit drie afdelings. Die eerste afdeling, in 'n selfbewuste handeling van kritiese aggressie, benader 'n reeks Gotiese narratiewe, onder meer Ann Radcliffe se *The Mysteries of Udolpho* ([1794]1980), Matthew Gregory Lewis se *The Monk* ([1796]1980), Mary Shelley se *Frankenstein: Or, The Modern Prometheus* ([1818]1980) en Charles Robert Maturin se *Melmoth the Wanderer* ([1820]1989) aan die hand van die metafisiese onderskeiding tussen "Natuur" en "Kultuur". Sodanige onderneming openbaar die mate waarin Romantiese Gotiese fiksie kensketsend die sentrale narratiewe dinamiek van 'n Edense oortreding en die daaropvolgende sondeval vanaf die gewyde natuur-grense tot die gebied van die ontaarding van kulturele verbintenis, betrek. Afdeling twee, daarenteen, in 'n poging om hierdie Edense metafoor wat aan die tekste onderliggend is, te dekonstrueer, gaan voort om die rol van die tekstualiteit in werking te demonstreer in die Gotiese invokasies van die Natuur:Kultuur binêre opposisie. Die volstreekte konseptuele verskille tussen die twee gesteldhede waarop die tekste se sentrale narratiewe dinamiek gegrond is, word deur die dekonstruktiewe spel van *écriture* onderskryf. Deur die toepassing van die metafore van geweld en aggressie wat Derrida deur sy *oeuvre* ingespan het, trag afdeling drie om die herlees van Gotiese geweld voor te hou as enige narratiewe poging om die teks van *différance* aan die werk - of aan die speel - in die tekste ter hand, te onderdruk.

**Gothic; Derrida**

- 1998 Work and Text in the Later Writings of Roland Barthes. 14(3/4): 392-430.

**Summary**

This paper investigates the use to which the categories of "work" and "Text" are put in the later writings of Roland Barthes. The paper proceeds to argue that despite Barthes's vehement repudiation of the foreclosing effects of a theoretical *oeuvre*, his later publications, including, inter alia, *S/Z* (1970), *Empire of Signs* (1970), *The Pleasure of the Text* (1973), *Roland Barthes by Roland Barthes* (1975) and a number of anthologised essays, are linked by their overriding preoccupation with the central distinction between "work" and "Text". The paper then turns to an analysis of the metaphors self-consciously employed by Barthes as a means of undermining the metaphysical imperatives of language in his elaboration of the Theory of the Text. Having outlined this extensive rhetorical system, however, the paper employs a close reading of Derrida's "White Mythology: Metaphor in the Text of Philosophy" (1982) in order to demonstrate the complex dynamic in which Barthes's use of metaphor in the Theory of the Text is implicated: far from functioning simply as a means of circumventing the imperatives of metaphysical discourse, Barthes's use of metaphor involves both the entrenchment and subversion of logocentric meaning; in Barthes's own terms, the features of the so-called Barthesian work return even in the self-proclaimed site of Textuality. The Barthesian rhetorics of metaphor thus straddles the discursive possibilities of both meaning and nonmeaning, work and Text alike. The paper then proceeds to argue that this *aporia* is fundamental to the shift from work to Text advocated and indeed "performed" across Barthes's later writings; through demonstrating how the epistemological slide from the former to the latter is frequently executed through Barthes's playful collapse of the work/Text distinction itself; here again, work returns to the site of Textuality even as the play of Textuality disrupts the monologism of the Barthesian work. In this way, the argument differs substantially from Barbara Johnson's deconstruction of Barthes's *S/Z* in "The Critical Difference: Barthes/Bal-Zac" (1980), arguing that the collapse of the work/Text divide does not function as a point of departure for a deconstructive critique of Barthes so much as a self-conscious and skilfully employed strategy for the enactment of the Barthesian transition from work to Text.

**Opsomming**

Hierdie artikel ondersoek Roland Barthes se gebruik van die kategorieë "Werk" en "Teks" in sy latere werke. Daar word aangevoer dat Barthes se heftige repudiëring van die afsluitende uitwerking van 'n teoretiese oeuvre ten spyte, sy latere publikasies, onder andere *S/Z* (1970), *Empire of Signs* (1970), *The Pleasure of the Text* (1973), *Roland Barthes by Roland Barthes* (1975), asook 'n aantal geantologiseerde essays, aaneenskakel deur hulle oorheersende preokkupasie met die sentrale onderskeid tussen "werk" en "Teks". Voorts analiseer die artikel die metafore wat Barthes in sy uiteensetting van die Teorie van die Teks gebruik om die metafisiese imperatiewe van taal te ondergrawe. Na die oorsig van dié omvattende

## SECTION 1

retoriese sisteem, word 'n noukeurige ontleding van Derrida se "White Mythology: Metaphor in the Text of Philosophy" (1982) gebruik om die komplekse dinamiek aan te toon waarin Barthes se gebruik van die metafoor in die Teorie van die Teks geïmpliseer word; eerder as om bloot die metafoor te gebruik om die imperatiewe van die metafisiese diskoers te vermy, kom Barthes se aanwending van die metafoor neer op verskansing sowel as omverwerping van logosentriese betekenis: die kenmerke van die sogenaamde Barthesiaanse werk slaan terug selfs in die terrein van Tekstualiteit. Die Barthesiaanse retorika van die metafoor staan dus weerskante van die diskursiewe moontlikhede van sowel betekenis en nie-betekenis, werk en Teks eweseer. Die artikel voer verder aan dat hierdie *aporia* ten grondslag lê aan die verskuiwing van werk na Teks, soos voorgestaan en geïmplementeer in Barthes se latere werke; deur aan te toon hoe dié epistemologiese verskuiwing dikwels plaasvind deur Barthes se speelse mislukking van die werk/Teks-onderskeid - ook hier keer werk terug na die terrein van Tekstualiteit selfs terwyl die spel van Tekstualiteit die monologisme van die Barthesiaanse werk ontwrig. So verskil die argument wesentlik van Barbara Johnson se dekonstruksie van Barthes se S/Z in "The Critical Difference: Barthes/Balzac" en word aangevoer dat die mislukking van die werk/Teks-onderskeid nie soseer fungeer as 'n uitgangspunt vir 'n dekonstruktiewe kritiek van Barthes nie, maar eerder as 'n strategie wat kundig aangewend word vir die bepaling van die oorgang van werk na Teks.

### **Barthes; Derrida**

Trimarco, Paola

1999 An Analysis of Lexical Opposition: Le Guin's "The Ones Who Walk Away from Omelas". 15(3/4): 407-424.

#### **Summary**

The creation of contrasting worlds within a given text is a common literary technique in fictional prose. While such contrasts are invoked by some sort of "textual" parallelism, the term "parallelism" in literary stylistics is usually reserved for the specific study of text units, namely sentences in prose and lines in poetry. Furthermore, studies in fictional prose have approached textual parallelism with focus on narrative style or organisation of text, and not the stylistic effects at the lexical level. To examine such parallelism in terms of lexis, one needs to visit semantic theories, where the terminology to describe lexical opposites exists; it does so, however, apart from literary studies, and subsequently, requires expansion. Thus, this paper examines lexical opposition in fictional prose by offering a taxonomy based primarily on D.A. Cruse (1988) and applying it to the parallelism found in Ursula Le Guin's short story "The Ones Who Walk Away From Omelas". Specifically, following a discussion of the general features of language found in the Le Guin text, this study focuses on the use of adjectives as lexemes of semantic opposition.

### **Opsomming**

Die skepping van kontrasterende wêreldes binne 'n gegewe teks is 'n algemene literêre tegniek in fiksionele prosa. Hoewel sulke kontraste deur een of ander soort "tekstuele" parallelisme opgeroep word, word die term "parallelisme" gewoonlik in literêre stilistiek gereserveer vir die spesifieke studie van tekseenhede, naamlik sinne in prosa en versreëls in poësie. Daarbenewens het studies in fiksionele prosa tekstuele parallelisme benader vanuit 'n fokus op narratiewe styl of teksorganisasie en nie vanuit die stilistieke effekte op die leksikale vlak nie. Om sulke parallelisme op grond van leksis te ondersoek, is dit nodig om semantiese teorieë in aanmerking te neem, waar die terminologie bestaan om leksikale opposisie te beskryf; hierdie beskrywing sluit egter literêre studies uit en gevolglik benodig dit uitbreiding. Hierdie artikel ondersoek dus leksikale opposisie in fiksionele prosa deur 'n taksonomie aan te bied wat hoofsaaklik gebaseer is op D.A. Cruse (1988) en dit toe te pas op die parallelisme in Ursula Le Guin se kortverhaal "The Ones Who Walk Away from Omelas". Na 'n bespreking van die algemene kenmerke van die taal in die Le Guin-teks, fokus hierdie studie spesifiek op die gebruik van adjektiewe as lekseme van semantiese opposisie.

### ***Stylistics/Literary Stylistics; Narrative/Narrative Theory/Narratology/ Novel***

Van der Linde, Gerhard

1996 Rationality and Knowledge in Complex Systems: The Case of Stanislaw Lem. 12(3): 275-296.

#### **Summary**

The article focuses on two "detective novels" by Stanislaw Lem, analysed in terms of chaos theory, which states that complex systems are not merely disorderly, but can generate a kind of order. Lem's fictions exemplify the failure of rationality to solve problems within the context of infinite networks of random variables. This, however, does not imply a rejection of rationality or objective knowledge as such; rationality and the quest for objective truth remain implicit to the detectives' investigations.

#### **Opsomming**

Die artikel is 'n analise van twee "speurverhale" deur Stanislaw Lem in terme van chaosteorie. Volgens chaosteorie is komplekse sisteme nie bloot ongeordend nie, maar kan hulle 'n soort orde genereer. Lem se verhale illustreer die onvermoë van rasionaliteit om tot 'n probleemoplossing te kom binne die konteks van oneindige netwerke van ewekansige veranderlikes. Dit impliseer egter nie die verwerping van rasionaliteit of objektiewe kennis as sodanig nie; rasionaliteit en die soeke na objektiewe waarheid bly onderliggend aan die speurders se ondersoek.

### ***Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel; Chaos Theory***

SECTION 1

Van der Westhuizen, P.C.

- 1996 Groot eend in 'n klein dammetjie: Aspekte van die parodie en postmodernisme in Charles F. Fourie se drama *Die eend* (1994). 12(4): 384-407.

**Opsomming**

Die parodie streef, onder meer, daarna om die hoë kunswerk te dekonstrueer tot 'n lagwekkende onderwerp om aan te toon dat niks aangaande die kuns heilig is nie. Tog illustreer die parodie ook die transponeringsvermoë waaroor kuns beskik. Só bevind die karakter Anton Tsjechov hom byvoorbeeld op Afrikabodem in Charles Fourie se *Die eend* (1994), 'n parodie op Anton Chekhov se *The Seagull* (1896). Die estetiese reïnkarnasie van Anton Chekhov skep 'n interessante metatekstuele kunstgreep waardeur die parodiese teks selfrefleksief van binne beskou kan word. Dit impliseer alreeds dat die sekondêre teks van sy eie sowel as van die primêre teks se status en beperkinge bewus is. Gevolglik is hierdie artikel hoofsaaklik geïnteresseerd in die spesifieke wyse waarop *Die eend* as nuwe of sekondêre teks op die basis van die beroemde oorteks, *The Seagull*, tot stand kom.

**Summary**

The parody strives, among other things, to deconstruct the sublime work of art to something ludicrous, thus indicating that nothing about art is sacrosanct. At the same time the parody also illustrates the transposability of art. For instance, in Charles Fourie's *Die eend* (1994) - a parody based on *The Seagull* (1896) by Anton Chekhov - the character Anton Tsjechov finds himself on African soil. The aesthetic reincarnation of Anton Chekhov creates an interesting metatextual device through which the parodic text can be looked at self-reflexively from the inside. This already implies that the secondary text is aware of its own as well as the primary text's status and limitations. Consequently, this article is mainly interested in the specific way in which *Die eend* comes into being as the new or secondary text, based on the famous original text, *The Seagull*.

***Intertextuality; South African Literature in Afrikaans***

Van Gorp, Hendrik

- 1995 Problems of Comparative Reception Studies: The Case of the Gothic Novel (1700-1825). 11(3/4): 100-111.

**Summary**

The paper focuses on the way a popular English narrative genre, i.e. the Gothic Novel, has been received and appreciated/depreciated in various documents at the end of the eighteenth century, covering not only the words themselves, but especially all kinds of so-called metatexts (literary criticism of the time, translations, abridgements, imitations, parodies, etc.). The comparative approach of this "reception history" in France and Germany combines intertextual and institutional aspects.

### **Opsomming**

In deze bijdrage wordt nagegaan hoe een populair verhalend genre, t.w. de Gothic Novel (griezelroman) aan het einde van de achttiende eeuw werd ontvangen en "gewaardeerd" in diverse documenten. Naast de romans zelf werden bij het onderzoek allerlei "meta-teksten" betrokken, gaande van de toenmalige literaire kritiek in de tijdschriften, over vertalingen, bewerkingen, bekorte versies e.dgl. tot heuse parodieën. Deze vorm van comparatieve "receptie-studie" in Frankrijk en Duitsland tracht intertextuele en institutionele aspecten van het fenomeen te combineren.

### **Gothic; Reception Studies**

Van Niekerk, Annemarie

1998 A Woman Who Made Her Mark in History but Remained Marginalised in the Documents of History: Petronella van Heerden. 14(3/4): 348-374.

#### **Summary**

This article investigates the contribution of Petronella van Heerden in the general context of feminist historiography and in the specific context of feminist literary historiography. This is followed by a discussion of the methodology of feminist historiography, which is an approach that focuses on the experiences and roles of women as told in diaries, autobiographies and oral sources, that have been neglected by traditional historiography. The emphasis of feminist literary historiography on a historical-critical, rather than an aesthetic-critical rediscovery of lost women's texts, is explored. In the light of this theoretical framework follows an exploration of the work of Petronella van Heerden - a woman who, at the turn of the century, did groundbreaking work in the field of medicine and contributed significantly to the genre of Afrikaans women's autobiographical writing. The theoretical exposition is followed by the life-story of Petronella van Heerden with emphasis on her medical, cultural and political contributions. Her autobiographical works, *Kerssnuitsels* (1962) and *Die sestiende koppie* (1965), are then examined from the following literary perspectives: as autobiographies, as examples of regional literature, as historical-sociological writings, as realist and magic-realist writings and finally as feminist writings.

#### **Opsomming**

In hierdie artikel word die bydrae van Petronella van Heerden ondersoek in die algemene konteks van feministiese historiografie en in die spesifieke konteks van feministiese literêre historiografie. Die metodologie van feministiese historiografie - wat op die ervarings en rolle van vroue soos meegedeel in dagboeke, outobiografieë en mondelinge bronne fokus en deur die tradisionele historiografie afgeskeep is - word bespreek. Hierna volg 'n verduideliking van feministiese literêre historiografie se histories-kritiese eerder as esteties-kritiese herontdekking van vergete vroueskryfde. In hierdie lig word die werk van Petronella van Heerden ondersoek - 'n vrou wat teen die draai van die eeu baanbrekerswerk op mediese



SECTION 1

gebied en ook 'n belangrike bydrae tot die genre van die Afrikaanse vroue-outobiografie gelewer het, maar grootliks afwesig is in die geskiedskrywing van die Afrikaanse literatuur. Na die teoretiese verantwoording volg die lewensverhaal van Petronella van Heerden met 'n fokus op haar mediese, kulturele en politieke bydrae. Hierna word haar outobiografiese werke, *Kerssnuitsels* (1962) en *Die sestiende koppie* (1965) vanuit die volgende literêre perspektiewe ondersoek: as outobiografieë, as voorbeelde van streeksliteratuur, as histories-sosiologiese geskrifte, as literêr-realistiese en magies-realistiese geskrifte en laastens as feministiese geskrifte.

***South African Literature in Afrikaans; Gender; Autobiography***

Van Vuuren, Helize

1997a Michael Chapman's *Southern African Literatures*. 13(1/2): 190-209.

**Review Article**

***South African Literature***

1997b Panel Discussion on Literary Historiography. 13(1/2): 231-234.

**Panel Discussion**

***Historiography/Literary Historiography***

Van Wyk, Johan

1997 Panel Discussion: Literary Historiography. 13(1/2): 227-230.

**Panel Discussion**

***Historiography/Literary Historiography***

1998 "Volcano Needing Constant Watching": South African White Labour and Socialist Culture 1900-1924. 14(1/2): 116-135.

**Summary**

This paper explores the forgotten legacy of white labour and socialist culture from the first two decades of the twentieth century in South Africa. It investigates the strike, marches and processions in terms of carnival and an oral and public culture in which the trade union leader or party leader as orator, on the one hand, and the Red Flag as song and banner, on the other, played an important role. The focus then shifts to the newspapers and the doggerel which appeared in the newspapers with special emphasis on the themes of empire, civilisation and reason. The paper concludes that much of the spontaneity which marked this popular movement, was destroyed by the increasing centralised control of the Comintern and directives from Moscow.

### **Opsomming**

Hierdie artikel ondersoek die vergete erfenis van 'n wit arbeids- en sosialistiese kultuur in die eerste twee dekades van die twintigste eeu in Suid-Afrika. Dit ondersoek die stakings, opmarse en optogte as deel van 'n karnaval-, mondelinge en publieke kultuur waarin die vakbond- en partyleier as orator, aan die een kant, en die Rooi Vlag, as lied en as banier, and die ander kant, 'n belangrike rol gespeel het. Die fokus verskuif dan na die koerante en die rymelary wat in die koerante verskyn het met die klem op die temas van empire, beskawing en rede. Die artikel kom tot die gevolgtrekking dat die spontaneïteit kenmerkend van hierdie vroeë periode vernietig is met die toenemende gesentraliseerde beheer deur die Komintern en die voorskrifte in Moskou.

### **Cultural Studies/Culture Theory**

Verdonk, Peter

1999 The Liberation of the Icon: A Brief Survey from Classical Rhetoric to Cognitive Stylistics. 15(3/4): 288-290.

#### **Summary**

The inextricable link between classical rhetoric and poetics manifests itself in the different emphases that their theoretical principles have received through the centuries. Thus, due to a complex of political and sociocultural factors, the late classical period and the Middle Ages placed all emphasis on the ornamental component *elocutio* (the ancestor of stylistics), while the Renaissance fully restored the logical components *inventio* and *dispositio*. Next the Romantics expectably revolted against rhetoric because by then it had again been reduced to a set of artificial stylistic prescriptions. Surprisingly, our century has witnessed a revival of rhetoric in its full scope. However, the most remarkable fact in this chequered history is that neither rhetoric nor poetics has ever given the reader any role in the process of meaning production. This situation remained unaltered through the centuries and even the influential literary theories formulated in the first three decades of our century perpetuated this passivity of the reader. Similarly, this century's major formalist linguistic theories ignored the reader in the process of signification. As a true interdisciplinary, the "new stylistics" of the sixties followed suit by also disregarding the reader. At long last, the seventies witnessed the rise of literary and linguistic theories which get involved in real world contexts in which meanings are negotiated between speaker/writer and listener/reader. Modern stylistics also changed tack and switched from a formalist approach to a wide range of sociopragmatic and cognitive approaches.

#### **Opsomming**

Die onlosmaaklike band tussen klassieke retoriek en poëtika manifesteer homself deur die verskillende beklemtonings wat hulle teoretiese beginsels deur die eeue ontvang het. Die laat-klassieke periode en die Middeleeue het aldus as gevolg van politiese en sosio-kulturele faktore al die klem geplaas op die ornamentele komponent *elocutio* (die voorvader

## SECTION 1

van die stilistiek), waar die Renaissance die logiese komponente *inventio* en *dispositio* ten volle in ere herroep het. Daarna het die Romantici, soos te wagte, in opstand gekom teen retoriek omdat dit teen daardie tyd rereduseer is tot 'n klomp kunsmatige voorskrifte. Verrassend genoeg het ons eeu 'n herlewing van retoriek in sy volle omvang beleef. Die mees uitstaande feit in hierdie wisselvallige geskiedenis is egter dat nóg retoriek nóg poëtika ooit aan die leser enige rol toegeken het in die proses van betekenisproduksie. Die situasie het onveranderd gebly deur die eeue en selfs die invloedryke literêre teorieë wat in die eerste drie dekades van ons eeu geformuleer is, het hierdie passiwiteit van die leser voortgesit. Die belangrikste formalistiese linguïstiese teorieë van hierdie eeu het ook die leser geïgnoreer in die betekenisgewingsproses. As 'n ware interdisipline het die "nuwe stilistiek" van die sestigerjare hierdie neiging voortgesit deur ook die leser buite rekening te laat. Uiteindelik was daar in die sewentigerjare die opkoms van literêre en linguïstiese teorieë wat betrokke geraak het in regte wêreldkontekste waarin betekenis tussen spreker/skrywer en luisteraar/leser onderhandel word. Moderne stilistiek het ook van koers verander en van 'n formalistiese benadering oorgeskakel na 'n wye verskeidenheid sosio-pragmatiese en kognitiewe benaderings.

### **Stylistics/Literary Stylistics; Rhetoric**

Vermeulen, H.

1996 The Lacanian Gaze, Pieter Fourie's *Ek, Anna van Wyk* and the Afrikaner Psyche in Crisis. 12(4): 429-455.

#### **Summary**

The purpose of this article is to theorise from a Lacanian perspective Fourie's *Ek, Anna van Wyk* (1986) as a theatrical sign of the Afrikaner nationalist's psychic and socio-political crisis during the early eighties. At the same time the essay aims to indicate the fruitfulness of this approach for the analysis of drama in relation to its society. The first section marks the point of departure of this article. The second section provides a broad outline of its composition. The third part functions as a theoretical exposition of the Lacanian gaze. Silverman's "political contestation" and some other theoretical concepts such as master narratives, god-terms, the Name-of-the-Father, ego ideal, acoustic mirror, the subject of speech, the Symbolic, Imaginary and the Real are also touched upon. Section four analyses *Anna* with the conceptual tools prepared in the third part. In terms of this analysis, section five relates *Anna* in broad outline to the socio-political background of its inception.

#### **Opsomming**

Die doel van hierdie artikel is om Fourie se *Ek, Anna van Wyk* (1986) te teoretiseer vanuit 'n Lacanese perspektief, en wel as 'n teatermatige teken van die Afrikaner Nasionalis se psigiese en sosio-politieke krisis gedurende die vroeë tagtigerjare. Terselfdertyd poog die essay om die vrugbaarheid van hierdie benadering vir die analise van drama in verhouding tot sy gemeenskap aan te dui. Die eerste afdeling stip die vertrekpunt van die artikel aan. Die tweede gedeelte sit die samestelling

daarvan in breë trekke uiteen. Die derde afdeling bevat 'n teoretiese uiteensetting van die Lacanese blik. Silverman se "politieke betwisting" en 'n aantal ander teoretiese konsepte soos meester-narratiewe, die Naam-van-die-Vader, ego-ideaal, akoestiese spieël, die subjek van spraak, die Simboliese, Imaginêre en die Werklike word ook aangeraak. Die vierde gedeelte analiseer *Anna* aan die hand van die konseptuele werktuie wat in die derde afdeling voorberei is. Vanuit die perspektief van hierdie analise word *Anna* in afdeling vyf in breë trekke in verband gebring met die sosio-politieke agtergrond ten tye van die stuk se ontstaan.

**Lacan; South African Literature in Afrikaans**

- 1997 The Subtext of Pieter Fourie's *Donderdag se mense* and the Demise of Afrikaner Nationalism. 13(3/4): 343-366.

**Summary**

This article explores from a Lacanian, socio-critical and historical perspective the subtext of Fourie's drama *Donderdag se mense* (1989), as it pertains to a certain type of Afrikaner during the collapse of Afrikaner nationalism in the late eighties. The first section highlights Stanislavski's idea of a subtext. The second section provides an outline of *Donderdag's* manifest text. Sections three, four, five and their subsections deal with some of the play's action units in terms of their psychological, existential, socio-historical and ideological subtexts. The reception of the play is addressed in the concluding remarks. This essay is the last of three complementary articles about Pieter Fourie's trilogy, *Ek, Anna van Wyk, Die koggelaar* and *Donderdag se mense* (cf Vermeulen 1996b; 1996c).

**Opsomming**

Hierdie artikel ondersoek vanuit 'n Lacanese, sosiaal-kritiese en historiese perspektief die subteks van Fourie se drama *Donderdag se mense* (1989), en wel soos dit verband hou met 'n sekere tipe Afrikaner tydens die ondergang van Afrikaner-nasionalisme in die laat tagtigerjare. Die eerste afdeling belig Stanislavski se idee van 'n subteks. Afdeling twee vat die gemanifesteerde teks van *Donderdag* saam. Afdelings drie, vier, vyf en hul onderafdelings handel met sommige van die stuk se handelingseenhede aan die hand van hul sielkundige, eksistensiële, sosio-historiese en ideologiese subtekste. Die ontvangs van die stuk word belig in die slotopmerkings. Die essay is die laaste van drie komplementerende artikels oor Pieter Fourie se trilogie, *Ek, Anna van Wyk, Die koggelaar* en *Donderdag se mense* (cf. Vermeulen 1996b; 1996c).

**Lacan; South African Literature in Afrikaans**

Viljoen, Hein

- 1995 The Irreverence of Relevance. 11(3/4): 82-84.

**Response**

**Humoristic Literature**

SECTION 1

Viljoen, Louise

- 1998 Introduction (to special issue of Colonial Discourse and Postcolonial Theory): Postcolonial Crosstalk. 14(1/2): 1-6.

***Postcolonial Literature/Postcoloniality; Colonial Writing/Colonialism***

Watson, Greg

- 1999 Something Will Come of Nothing: An Empirical Model of Negation for Prose Literature. 15(3/4): 377-406.

**Summary**

One manner in which a writer involves the reader with a text is through the use of negative language. The reader becomes involved on two levels: firstly at a linguistic level, a negative message needs extra time to decode, and secondly, at an emotional level, we must come to terms with the emotional response the negative message has incurred. Therefore, explicitly negative language engages linguistic, psychological and cognitive processes, which force the reader to become involved with the text in question, as he attempts to decipher the underlying propositions.

This study reviews previous research on negative language, both linguistic and psycholinguistic, defines explicit and broad negation and offers a method for measuring these forms of negation. This method is then applied to a representative corpus of the early prose fiction of Mudrooroo, a prominent Australian author. The results obtained show that he has shifted in style across his early prose fiction, with respect to negation. By examining the use of negation in Mudrooroo's novels we will see how integral a part it plays in the interaction between reader and text. Negation can bring to the fore that which may not be and as a result may give "nothing" an actual substance. This article will show how explicit and broad negatives are simple, separable elements that engender complex cognitive effects, and that they provide us with a means for isolating and studying one aspect of how a writer may influence a reader's mind.

**Opsomming**

Een manier waarop 'n skrywer die leser by 'n teks betrek, is deur die gebruik van negatiewe taal. Die leser raak op twee vlakke betrokke: eerstens, op 'n linguistiese vlak het 'n negatiewe boodskap ekstra tyd nodig om gedekodeer te word, en tweedens, op 'n emosionele vlak moet 'n mens met die emosionele reaksie rekening hou wat die boodskap laat plaasvind het. Daarom betrek eksplisiet negatiewe taal linguistiese, psigologiese en kognitiewe prosesse wat die leser dwing om by die teks onder bespreking betrokke te raak, in 'n poging om die onderliggende proposisies te ontsyfer.

Hierdie studie gee 'n oorsig van vorige navorsing oor negatiewe taal, sowel linguisties as psigolinguisties, definieer eksplisiete en wye ontkenning ("negation") en bied 'n metode aan waarvolgens hierdie vorme van ontkenning gemeet kan word. Hierdie metode word dan toegepas op 'n verteenwoordigende korpus van die vroeë fiksionele prosa van Mudrooroo, 'n prominente Australiese skrywer. Die resultate wat verkry is,

toon aan dat hy met betrekking tot ontkenning 'n stylverskuiwing gemaak het in sy vroeë fiksionele prosa. Deur die gebruik van ontkenning in Mudrooroo se romans te ondersoek, sal ons sien hoe 'n integrale rol dit speel in die wisselwerking tussen leser en teks. Ontkenning kan dit wat nie mag wees nie na vore bring en kan gevolglik aan "niks" 'n daadwerklike substansie gee. Hierdie artikel sal aantoon hoe eksplisiete en wye negatiewe vorme eenvoudige, skeibare elemente is wat komplekse kognitiewe effekte laat ontstaan en dat hulle ons in staat stel om een aspek van hoe 'n skrywer 'n leser kan beïnvloed te isoleer en te bestudeer.

***Interpretation Theory; Linguistics***

Wiehahn, Rialette

1995 Comparative Reception Studies of the Gothic Novel. 11(3/4): 112-115.

**Response**

***Gothic; Reception Studies***

Wilkinson, Jennifer

1997 On Being a Fictional Character. 13(3/4): 317-333.

**Summary**

Reference, names and truth in fictional contexts are philosophically puzzling because unlike the case in ordinary situations, there are no such things as fictional characters to which we can refer, about which we can make truth claims and which can be named, and yet, the language we use about fictional characters seems to be meaningful in the same way as the language we use to talk about actual existent people and events. Although fictional realism, in claiming that fictional characters and events are like real ones in that they have properties, has the advantage that it can accommodate reference, truth and names for fictional characters it does so at the cost of ontological expansion. Furthermore, since the differences between radical and nonradical completeness are ignored by fictional realists, the Law of Excluded Middle is breached. This article, after examining a paradigm example of fictional realism and exposing its weaknesses, argues that if fictional characters are explained, not as *having* their properties but as being the total of their properties, ontological expansion is avoided, the Law of Excluded Middle can be retained and reference, truth and names in fictional contexts maintained.

**Opsomming**

Verwysing, benoeming en waarheid in fiktiewe kontekste is filosofies versluierd; anders as in gewone omstandighede, bestaan fiktiewe karakters nie en ons kan hulle nie benoem, daarna verwys en waarheidsaansprake oor hulle maak nie. Tog skyn die taal wat ons vir fiktiewe karakters gebruik, op dieselfde wyse betekenisvol te wees as die taal wat ons gebruik om oor werklike bestaande mense en gebeure te praat. Fiktiewe realisme se aansprake dat fiktiewe karakters en gebeure soos die werklikes is weens die feit dat hulle eienskappe het, het die voordeel

## SECTION 1

dat dit verwysing, waarheid en benoeming vir fiktiewe karakters kan insluit, ten koste van ontologiese uitbreiding. Aangesien fiktiewe realisme die verskille tussen radikale en nie-radikale volledigheid ignoreer, word die Wet van die Uitgeslote Derde oortree. Hierdie artikel ondersoek 'n paradigma van fiktiewe realisme en toon die swakhede daarvan aan. Dit voer voorts aan dat indien 'n mens sou aanneem dat fiktiewe karakters nie eienskappe besit nie, maar die geheel van hul eienskappe is, ontologiese uitbreiding vermy word, die Wet van die Uitgeslote Derde sowel as verwysing, waarheid en benoeming in fiktiewe kontekste behou kan word.

### **Fictionality**

Willies, Wally

1998 Playing Dangerously: Risking Salvation with Stories. 14(3/4): 235-244.

#### **Summary**

The central question of this paper is "in what sense do stories obscure the compellingly private?" The argument is as follows: The genesis and meaning of human consciousness are essentially enigmatic. Although stories are evidence that human consciousness explores itself by narrative means, the teasing corollary is that the exploration is never complete. Far from being an activity which involves mere enjoyment, the creating of stories involves reaching into areas of great tension, dealing initially with bafflement and incoherence. Tolerance and technique are crucial in approaching the central yet overwhelming tensions implied in the narrative structure of a specific story. Put provocatively, the structures do not expose the meaning at stake, but obscure what the writer could not accommodate for various reasons which may include artificial agendas based on personal persuasion, or may reflect fear, alarm or whatever compels the maintenance of privacy. The point to be made, however, is that the notion of survival, as the purpose and meaning of story-telling, is paradoxical. The act of creativity goes beyond the need for survival and risks the loss of the essential. The greater the risk, the greater the impact of the art.

#### **Opsomming**

Die sentrale vraag waarmee hierdie artikel gemoed is, is "in watter sin verdoesel stories die dwingend persoonlike?" Die argument lui as volg: Die oorsprong en betekenis van menslike bewussyn is in wese enigmaties. Alhoewel stories bewys is daarvan dat die mens sy bewussyn op 'n narratiewe wyse verken, is die tergende afleiding dat hierdie verkenning nooit voltooi word nie. Eerder as 'n aktiwiteit wat bloot gaan om genot, behels die skep van stories ook die delf na areas van hoë spanning, en het dit aanvanklik te make met verbasing en onsamehangendheid. Toleransie en tegniek is noodsaaklik in die benadering van die sentrale en ter-selfdertyd oorweldigende spanninge wat geïmpliseer word in die narra-tologiese struktuur van 'n bepaalde storie. Meer uitdagend gestel: die strukture ontbloot nie die betekenis waaroor dit gaan nie, maar verberg eerder dit wat die skrywer om verskeie

redes nie kon akkommodeer nie. Hierdie redes mag moontlik insluit kunsmatige agendas gebaseer op persoonlike oortuiging; of vrese, verontrusting of wat ookal die behoud van privaatheid noodsaak, reflekteer. Die slotsom waartoe gekom word is egter dat die idee van oorlewing, as die doel en betekenis van storievertelling, paradoksaal van aard is. Die daad van kreatiwiteit strek verder as die behoefte om oorlewing en waag die verlies van die noodsaaklike. Hoe groter die risiko, hoe groter is die impak van die kuns.

***Narrative/Narrative Theory/Naratology/Novel; Representation***

Wilson, Rita

1998 Personal (Hi)stories. 14(3/4): 253-269.

**Summary**

For many contemporary women writers, the impulse to narrate is both natural and inescapable. Often their writing attempts to find "a solution to a problem of general human concern, namely the problem of how to translate knowing into telling, the problem of fashioning human experience into a form assimilable to structures of meaning that are generally human rather than culture-specific" (White 1987: 1).

This paper examines the novels of Rosetta Loy and attempts to show how public "history" has insinuated itself into her individualistic re-evocations of the past. In the asphyxia of inner experience, Loy is able to explore more deeply what is "subjective" and what is "objective", creating vibrant portraits of contemporary reality which transcend the regional context in which they are located.

Particularly interesting is her representation of "negative" and "positive" time. The latter is a movement in the direction of "creative evolution", time as the begetter of all things, the permanent possibility of creation. Temporal progression is thus identified with human progress. Yet, chronological time also carries humanity inexorably towards death. And it is in this unresolved interplay of positive progress and negative transitoriness that Loy's narratives reveal what is denied or marginalised in public histories.

**Opsomming**

Die impuls om te vertel is vir baie hedendaagse vroulike skrywers natuurlik en ook onvermybaar. Hulle poog dikwels in hulle werke om 'n oplossing te vind vir 'n probleem van algemeen menslike belang, naamlik die probleem hoe om kennis oor te sit in verhaal, die probleem om menslike ervaring te omskep in 'n vorm wat assimileerbaar is met die strukture van betekenis wat algemeen menslik eerder as kultuur-spesifiek is (White 1987: 1).

Hierdie artikel ondersoek die romans van Rosetta Loy en poog om aan te toon hoe die algemene geskiedenis sigself in haar individualistiese heroproeping van die verlede geïnsinueer het. In die asfiksie van innerlike ervaring is Loy daartoe in staat om die "subjektiewe" en die "objektiewe" inniger te ondersoek, en skep sy lewendige beelde van die kontemporêre werklikheid, wat die regionale konteks waarin hulle gelokaliseer is, transendeer.



## SECTION 1

Haar uitbeelding van “negatiewe” en “positiewe” tyd is veral belangwekkend. Laasgenoemde is ‘n stap in die rigting van “kreatiewe evolusie”, tyd as die verwekker van alle dinge, die permanente moontlikheid om te skep. Temporale progressie word dus gelyk gestel aan menslike progressie. Nogtans voer chronologiese tyd die mens ook medoënloos tot die dood. In hierdie onopgeloste wisselwerking van positiewe vooruitgang en negatiewe verganklikheid onthul Loy se verhale die gebeure wat in algemene geskiedenis ontken of gemarginaliseer word.

### **Representation; Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel**

Wittenberg, Hermann

1997 Imperial Space and the Discourse of the Novel. 12(1/2): 127-150.

#### **Summary**

This paper uses insights of recent theories of space as a basis for an investigation into the relationship between imperialism and the discourse of the metropolitan novel. J.M. Coetzee's novel *Foe* and its intertext *Robinson Crusoe* are examined in the light of these notions. *Foe*, it will be argued, is a critical engagement with spatialised structures of power such as imperialism, which seek to establish the dominance of a Western, rational, male subjectivity over colonised domains. Novelistic narrative is a key discursive feature of this dominance and in this sense the metropolitan novel is complicit with imperialism. *Foe*'s critique of imperial spatial arrangements therefore takes the form of an intervention in the archive of the novel: a rewriting of *Robinson Crusoe* in a radically different register.

#### **Opsomming**

Hierdie artikel benut die insigte van resente teorieë oor ruimte as basis vir ‘n ondersoek na die verband tussen imperialisme en die diskoers van die metropolitaanse roman. J.M. Coetzee se *Foe*, met *Robinson Crusoe* as interteks, word in die lig van hierdie nosies onder die loep geneem. Daar sal aangevoer word dat *Foe* in ‘n kritiese verbintenis verkeer met ruimtelike strukture van mag, soos imperialisme, wat daarna streef om die dominansie van ‘n Westerse, rasionele, manlike subjektiwiteit oor gekoloniseerde domeine te bepaal. Die narratief in romans is ‘n deurslaggewende diskursiewe kenmerk van hierdie dominansie en in hierdie sin is die metropolitaanse roman ‘n medepligtige van die imperialisme. Die kritiek op *Foe* se imperiale ruimtelike ordening, neem dus die vorm aan van ‘n ingryping in die argief van die roman: ‘n herskryf van *Robinson Crusoe* in ‘n radikaal andersoortige register.

### **Coetzee; Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel**

Woodward, Wendy

1998 Dis/Embodying Transcendence in the Early-Nineteenth Century: Ann Hamilton, Mary Moffat, the London Missionary Society and God. 14(1/2): 80-101. **Summary**

Early-nineteenth-century Christianity in relation to Ann Hamilton and Mary Moffat provides a rich site for the consideration of embodiment, the feminine speaking subject and the divine. I argue that Ann Hamilton claimed agency through her particular experience of the lived body, which tended to contradict the Cartesian soul/body split of Western culture. She wrote reports of Lattakoo to the London Missionary Society (LMS) in London, asserted her rights to celibacy in marriage, and had, as her confidante, a Khoisan woman, Fransinna. None of these actions endeared her to Mary Moffat (or her husband, Robert), whose subjectivity and embodiment were fixed within the discursive construction of Christianity at the time. Both the Moffats became almost obsessively involved in legislating Hamilton's sexuality within her marriage, until she was forced to leave the mission station and the LMS.

#### **Opsomming**

Die vroeë negentiende eeuse godsdiens, en veral Ann Hamilton en Mary Moffat se ingesteldheid daarop, bied 'n ryk bron van navorsing vir die beoordeling van verpersoonliking van godsdiens en die vroulike stem. Ek voer aan dat Ann Hamilton, as gevolg van haar persoonlike ervaring van die lyflike (wat neig om die Westerse Kultuur se Cartesiaanse opvatting van verdeeldheid tussen liggaam en gees te weerspreek), verteenwoordigende gesag geëis het. Sy het verslae oor Lattakoo aan die "London Missionary Society" (LMS) in Londen geskryf, haarself die reg toegeëien om selibaat binne haar huwelik te leef en het 'n Khoisanvrou, Fransinna, as vertroueling gehad. Hierdie optrede het haar geensins gewild gemaak by Mary Moffat (of haar eggenoot, Robert) nie. Robert se subjektiwiteit en lyflikheid het binne die aard van die destydse Christelike beskouing geval. Beide die Moffats het (totdat Ann Hamilton gedwing is om die sendingstasie en die LMS te verlaat), byna obsessief betrokke geraak daarby om Ann Hamilton se seksualiteit binne haar huwelik te legitimeer.

#### ***Gender; Cultural Studies/Culture Theory***

Zyngier, Sonia

1999 Stylistics in the EFLit Classroom: Using Free Indirect Discourse. 15(3/4): 529-549.

#### **Summary**

This article approaches literary discourse from a functional pragmatic perspective which sees literature as an act of communication. From this angle and from an understanding of context of language use, Free Indirect Discourse (FID) can be considered as the mode of speech and thought presentation which best expresses the poliphony of voices in a text and, by implication, the multiplicity of perspectives which modern writing has been exploring for various reasons. Although not a modern invention, nor specific to English, this mode of writing can be very helpful to the English as a Foreign Literature (EFLit) learner. In the light of recent developments in linguistics, the present study reviews some theoretical models, discusses the stylistic implications of FID in an EFL context, and demonstrates how language and literature can be integrated from a

## SECTION 1

functional perspective in a class intended for sensitising both language and literature learners to the perception, description, and creation of FID.

### **Opsomming**

Hierdie artikel benader literêre diskoers vanuit 'n funksionele pragmatiese perspektief wat literatuur beskou as 'n kommunikasiehandeling. Vanuit hierdie hoek en vanuit 'n begrip van konteks van taalgebruik, kan Vrye Indirekte Diskoers (VID) beskou word as die wyse waarop spraak en gedagtes weergegee word wat die polifonie van stemme in 'n teks die beste uitdruk. By implikasie geld dit ook vir die meervoudigheid van perspektiewe wat die moderne skryfkuns om verskeie redes ontgin. Hoewel dit nie 'n moderne uitvindsel is of spesifiek is aan Engels nie, kan hierdie wyse van skryf vir die Engels as 'n Vreemde Literatuur (EFLit)-leerder baie nuttig wees. In die lig van onlangse ontwikkelings in die linguistiek gee hierdie studie 'n oorsig van sommige teoretiese modelle, bespreek die stilistiese implikasies van VID in 'n EFL konteks en demonstreer hoe taal en literatuur geïntegreer kan word vanuit 'n funksionele perspektief in 'n klas wat bedoel is om sowel taal as literatuurleerders te sensitiseer vir die persepsie, beskrywing en skepping van VID.

***Stylistics/Literary Stylistics; Narrative/Narrative Theory/Narratology/Novel***